

**26 Julie**

**1 Korintiërs 11:27-32; NGB 37**

***Ons tweede oordeel: Die oordeel oor myself***

Nadat ons gelowiges geword het, leef ons nou die lewe van kind van God. Dit beteken dat ons ons daagliks self moet oordeel of ons soos blye, gehoorsame kinders van God leef. Altans, so behoort dit te wees! Ons kan hierdie daaglikse oordeel oor myself noem: **Die oordeel van my gewete of die oordeel van my liefde vir God.** Die norm is die Woord, met die hulp van die Heilige Gees.

Wat my gewete betref sê Johannes: Geliefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie, het ons vrymoedigheid om na God te gaan... (1 Joh. 3:21). Dus: Gelukkig is ek as ek met 'n rein gewete voor God lewe. Dan kan ek ook met vrymoedigheid bid, dank en vra! Hierdie gewete ondersoek is bedoel om ons reg te laat lewe tot eer van God , tot heil van ons naaste en tot opbou van die koninkryk van God.

Selfoordeel is ook nodig sodat ons elke dag versoend met God kan lewe. So sê Paulus aan die Korintiërs: "Elkeen moet homself ondersoek" voordat hy Nagmaal gebruik sodat ons nie "'n oordeel" oor onsself eet en drink nie (1 Kor. 11:29). Ons moet elkeen ons lewe voortdurend ondersoek om die verkeerde te ontdek en dan met God in Christus te versoen. Die selfoordeel is ook nodig om ons te dring en aan te moedig om te werk vir ons kroon en beloning in die oordeelsdag. Die dag van die groot prysuitdeling, wanneer elkeen sal ontvang wat hy hier op aarde "gedoen" het. Die Here wil nie hê dat ons daardie groot en heerlike dag verleë en met leë hande sal staan nie. Nee, elke gelowige moet soos 'n koning sy skatte kan indra tot eie vreugde en tot eer van God, sy Verlosser!

Dr. N.P. Heystek (Wapadrant)